
THEUNS BOTHA landbou@mweb.co.za



# Kalahari Reds ry die golf

Veertien jaar ná die stigting van die Kalahari Red-klub maak die ras steeds opslae en kan beswaarlik in die vraag na teelmateriaal voorsien word. Nou wil die telers ook opkomende boere betrek om in die room van die oes te deel.

**PLAASINLIGTING**

**LIGGING**
Somerset-Oos, Oos-Kaap

**PLAASNAAM**
Grootvlakte

**GROOTTE**
2 800 hektaar – al die plase saam is 12 000 ha

**EIENAARSKAP**
Familietrust

**VERTAKKINGE**
Wild, Merino's, SA Kalahari Reds en beeste

**GRONDTIPE**
Skalie, moddergesteentes en ysterklip

**VELDTIPE**
Van suurveld tot rooigras

**REËNVAL**
Van 300 mm tot 600 mm

**KORTOM**

- Die SA Kalahari Red is die ideale ras vir kleinhoewes.
- Hulle pas goed aan in 'n kraalstelsel.
- Opkomende boere word betrek.
- Boere moet teen dieresiektes waak.

Pas terug van die Bloemfontein-skou waar hy die sewende jaar agtereenvolgens as die Teler van Kampioene aangewys is, glimlag mnr. Tollie Jordaan (49) van die plaas Grootvlakte in die Swaershoek by Somerset-Oos op dié reënerige dag van oor tot oor.

Hoe anders? Een van die ramme wat hy geteel het, is vir R130 000 verkoop. 'n Ooi van hom is teen 'n wêreldrekordprys van R50 000 van die hand gesit. Én of dit nie genoeg is nie, het die Kalahari Reds wat hy vertoon het, ook 'n rits pryse ingepalm – die junior kampioenram, die reserwe senior kampioenram, die reserwegrootkampioen-ram, die junior kampioenooi én die reserwegrootkampioenooi. Selfs die senior kampioenram, wat deur 'n medeteler, mnr. Deon Jacobs, vertoon is, kom uit die Grootvlakte-stal.

Maar die doel van die besoek is nie om oor Jordaan se prestasies met sy 600 Kalahari Red-ooie te skryf nie. Eerder oor die welslae van die ras oor die afgelope dekade en 'n projek om ook gekeurde opkomende boere in die room te laat deel.

Die visioenêr mnr. Ben Vorster van Tshipise in Limpopo het reeds in die 1970's waargeneem dat een van sy Boerbokooie wat elke jaar vir hom 'n

> 'As Suid-Afrikaners gek is oor rooi beeste, waarom sal hulle nie ook van rooi Boerbokke hou nie?'



**REGS:** 'n Paar stoetooie op 'n reëndag op die plaas Grootvlakte. 'n Lang lyf, 'n dieper kruis en groot lende is vandag van die uitstaande kenmerke van die ras.

tweeling gegee het, een rooi lam gehad het. Sy soeke na nog Boerbokke met 'n rooi of oorwegend rooi kleed het hom sover as Namibië geneem. Teen die einde van daardie dekade het hy 30 rooi ooie in sy teeltrop gehad, skryf mnr. André Pienaar op die Kalahari Red se webwerf (**www.kalaharired.net**).

Dit was egter die terloopse opmerking van mnr. Jurgen Schultz van Texas (hy het Grootvlakte in 1994 besoek om SA Boerbokke na Amerika in te voer) dat Jordaan dit moet oorweeg om "met iets anders" te boer wat die ras in die wegspringblokke gesit het.

Jordaan vertel dat hy ná 'n erge droogte en lae wolpryse in die 1990's op die punt was om handdoek in te gooi. "Nadat ek ernstig oor die saak gebid het, het die antwoord gekom dat ek álles in die Here se hande moet laat. Toe Jurgen hier was, het hy vir my gesê dat ek met rooi bokke moet boer omdat dit my van die res van die telers sal onderskei. Die opmerking het met my kop begin smokkel. Ek het besef dat as Suid-Afrikaners gek is oor rooi beeste, waarom sal hulle nie ook van rooi Boerbokke hou nie?"

Ná Schultz se vertrek het Jordaan die land deurreis en ook Namibië besoek om teelmateriaal te soek. Mnre. Albie Horn van De Aar, Louis van Rensburg van Prieska en 'n paar ander boere het destyds dieselfde gedagte gekoester. Teen 1998 het die sowat tien telers, wat gesamentlik sowat 500 rooi ooie besit het, die Kalahari Red-klub gestig. Sommige telers het embriospoeling gedoen en hul Boerbokooie is as surrogaatmoeders ingespan. Vandag is daar reeds 83 telers en beloop hul gesamentlike genepoel meer as 10 000 bokke. En die getal neem jaarliks toe, vertel Jordaan.

## VEREDELING

Gevra wat die verskil is tussen die Kalahari Reds is waaroor in *Landbouweekblad* van 17 Maart 2006 geskryf is en vandag, sê Jordaan dat hulle meer veredel is. "Hul lyf is langer, hul kruis is dieper en die lende is groter. Danksy streng seleksie lyk hulle vandag in alle opsigte beter."

En speel die sogenoemde *fancy points* steeds 'n rol? Jordaan knipoog: "In die stoetbedryf soek mense mos diere wat mooi op die oog val, op die skou as kampioene bekroon en goeie geld inbring as hulle verkoop word. En dit is wat die Reds is."

Maar, voeg hy dadelik by: "Ons het geleer uit ▶







**LINKS BO:** Die ram Baba wat teen 'n rekordprys van R130 000 verkoop is. Van links, agter: Mnre. Ian Grobler (afslaer), Anton Bothma (medekoper) en Chris Troskie van CMW; voor: Mnre. Fanus Hanekom (koper namens me. Stephanie Hanekom), Tollie Jordaan (teler) en Deon Jacobs (verkoper). FOTO: MICHELLE KRUGER

**LINKS ONDER:** Die ooi wat teen R50 000 in Bloemfontein verkoop is. Van links is, agter: Mnre. Ian Grobler (afslaer) en Chris Troskie van CMW, wat die veiling aangebied het; voor: Mnre. Fanus Hanekom (koper namens me. Stephanie Hanekom) en Tollie Jordaan, die teler. FOTO: MICHELLE KRUGER

**LBW VRA ...**

### MNR. TOLLIE JORDAAN



**WAT WAS JOU BESTE BOERDERYBESLUIT OOIT?**
Om alles aan die Here oor te gee.

**EN DIE BESTE RAAD?**
'n Amerikaanse besoeker, Jurgen Schultz van Texas, se opmerking in 1994 om bokke met 'n rooi haarkleed te selekteer.

**WIE WAS JOU MENTOR?**
My pa, Paul, wat diep spore in die Merinobedryf getrap en my álles van teling geleer het.

'Danksy streng seleksie lyk Kalahari Reds vandag in alle opsigte beter.'

**BESTUURSPROGRAM**

Mnr. Tollie Jordaan se ooie word twee keer per jaar gepaar. Die natuurlike paartyd is in April en Mei wanneer die groot ooie gepaar word. Jaaroud ooitjies word in Oktober en November gepaar. Die belangrikste lamtyd is Oktober en November wanneer die natuurlike weidings ná die eerste reën geil is.

Ooie word ses weke voor lamtyd met Multivax P (reg. nr. G1517, Wet 36 van 1947) ingeënt. Drie weke voor lamtyd word die ooie na kleiner kampies by die huis gebring en met 'n breëspektrum-doseermiddel teen inwendige parasiete behandel.

Ooie lam in groepe van 20 in kampies van tussen 10 hektaar en 20 hektaar. Daar is heeltyds 'n hanteerder wat na die ooie omsien. Die lammertjies wat aankom, kry dieselfde merk as hul ma's.

Ooie wat gelam het, word met 5 cc Terramycin (reg.nr. G333, Wet 36 van 1947) ingespuit om baarmoederontsteking te voorkom. Ná drie weke word die ooie en lammers in groepe gesit en gaan dan uit na die veld totdat dit tyd is om die lammers te speen. Boere moet veral bedag wees op pasteurella en sweerklou.

◀ die foute wat met die SA Boerbokke gemaak is. By die Kalahari Red is ons baie streng op die spene. Ons kyk selfs hoe die ramme se 'spene' lyk. Ons probeer ook om waar moontlik die bokke nie in hokkies nie, maar eerder in kampies te laat lam. Soos met alle bokke moet hulle tydens lamtyd baie goed versorg word. Doen jy dit nie, sal die bok maklik die swakste lammetjie los om te vrek as hulle meerlinge het."

Jordaan vertel dat talle telers steeds met SA Boerbokke boer. "Wat jy deesdae vind, is dat 'n boer wat sy vrou of kinders by die boerdery betrokke wil kry, vir hulle 'n paar Reds aanskaf. Baie sal sê, oukei my skat, kom ek koop vir jou 'n paar rooi bokke. Dan kan jy maklik sien watter joune is."

## HOË PRYSE

Oor die fenomenale styging in die prys van ramme (dit het binne 'n jaar van R65 000 tot R130 000 opgeskiet) gee Jordaan die versekering dat dit beslis nie 'n bemarkingsfoefie was om die aandag op die ras te vestig nie. "Met wildpryse wat hemelhoog is en daar selfs vir 'n swartrug-impala maklik tot R500 000 betaal word, is die publiek gekondisioneer dat R130 000 nie 'n onrealistiese prys vir 'n SA Kalahari Red-ram is nie. Daar was pas weer 'n wildboer van Vivo wat vir hom Reds aangeskaf het omdat hy hulle wil gebruik om die veld langs die kampdrade skoon te vreet."

Maar skrik die hoë pryse nie die gewone boere af nie? "Nee", verseker hy, "daar is baie bekostigbare diere beskikbaar. Dit is juis waarom ons bestuur besluit het om 'n projek te begin om aan beginnerboere ramme te skenk, wat dit by hul inheemse bokke kan gebruik. Ons is oorval met navrae. Vyf telers het reeds agt ramme geskenk wat onlangs op die Rustenburg-skou aan ses opkomende boere oorhandig is. Die boere sal gementor word. Ons sal hulle ook raad gee ten opsigte van doseerprogramme en help met 'n bestuursprogram," sê Jordaan, wat die ondervoorsitter van die klub is.

Hy meen nie dat die Kalahari Reds 'n bedreiging vir die SA Boerbokke is nie. "As klub het ons wonderlike samewerking van die SA Boerboktelersgenootskap, wat die oorkoepelende liggaam is. Trouens, daar is SA Boerboktelers wat ons gelukwens met die vordering van die Reds.



**BO:** Mnr. Tollie Jordaan en sy seun Willem in die studeerkamer vol memorabilia. Jordaan is sewe jaar agtereenvolgens as die Kalahari Red-klub se Teler van Kampioene aangewys. Sy pa, Paul, het diep spore in die Merinobedryf getrap.

"Daar is 'n enorme potensiaal om die Kalahari Red in Afrika te bemark. Baie van die Afrika-bokke is bruin en swart. Iemand wat 'n beginner is, kan vir minder as R40 000 'n teeltrop van tien kudde-ooie en 'n ram aanskaf. As hy weer sy oë uitvee, gaan by baie bokke hê omdat hulle so maklik meerlinge gee. "Omdat bokke so slim is, kan hulle in 'n kraalstelsel aangehou word, waar hulle self saans na 'n kraal sal kom en nie so kwesbaar is om gesteel te word nie. Dit is waarom hulle so gewild is om op kleinhoewes aan te hou."

Jordaan sê ondanks die daling in rooivleispryse kry boere steeds in die Oos-Kaap vir lammers R26 per kilogram lewende gewig. Teen 'n gemiddelde lewende gewig van 30 kg beteken dit dat 'n boer R780 in sy sak kan steek sonder BTW. Nie sleg nie, gedagtig aan die speenpersentasie van meer as 150 wat Jordaan behaal. **LBW**



**ONDER:** Twee voortreflike Kalahari Red-lammers.



**REGS ONDER:** 'n Goeie voorbeeld van hoe die hedendaagse Kalahari Red-ooie veredel is. Daar word tydens seleksie veral op 'n goeie uier en spene gelet.